



Mondstuk van die canolawerkgroep

Jul 2022 No. 106

CANOLA PRODUSENTE TOPPRESTEERDERS – SUID-KAAP 2021

PNS / SOILL erkenning - Chris Cumming: PNS-Konsultant

Piet Lombard

Wes-Kaapse Departement van Landbou

Die canola opbrengskompetiesie is aangepas in 2021. Die PNS en SOILL het besluit om weg te doen met die canola-opbrengskompetiesie, waar deelnemers lande ingeskryf het. Alle produsente is betrek en die toppresterders in verskillende kategorieë word erken. Die kategorieë was vir produsente wat meer as 150 ha canola aanplant, produsente wat tussen 50 en 150 ha aanplant en vir nuwe toetreders wat die eerste keer canola aangeplant het.

Let asb op die vordering in opbrengs oor die jare. In 20 jaar van die kompetisie, het die opbrengs gestyg van 2 ton/ha op die beste land tot oor die 3 ton/ha op 314ha.

“Ek het die voorreg gehad om die sewe toppresterders in die Suid-Kaap te besoek en te probeer vasstel wat gelei het tot hulle sukses. Hopelik sal my waarnemings ander help en aanspoor om hul canola-opbrengs te verhoog”.

My waarneming was dat, uiteenlopende wisselboustelsels, saadbedvoorbereidingspraktyke en van die ander fasette van canola-verbouing deur die toppresterders in die Suid-Kaap gevolg is. Hulle uiteenlopende produksie- en bestuurstelsels het my gou laat besef dat daar nie een uitstaande praktyk bestaan vir die verbouing van canola nie.

Die voorplant- en plantpraktyke het gewissel vanaf geenbewerking waar al die plantreste op die land bewaar word tot die verwydering van reste deur hetsy wei, sleep, baal of brand van plantreste in enkele gevalle. Sommige produsente wat kalk moes toedien het die geleentheid gebruik om 'n vlak bewerking toe te pas en sodoende 'n gunstige saadbed geskep.

Produsente het meestal 'n rotasiestelsel van 5 jaar lusernfasie opgevolg deur 'n 5 jaar kontantgewasfasie. Die belangrikheid en voordeel van grasbeheer in die lusernfasie is deur almal beklemtoon. Die volgorde van die kontantgewasse in die kontantgewasfasie en redes vir die volgorde van gewasse het redelik gevarieer. Onkruiddruk, weerstand en onkruiddoderkeuses was van die hoofredes wat bepaal het waar canola in die stelsel inpas.

Watter praktyk het wel uitgestaan?

1. Sorgvuldige **keuse van canolakultivars** vir spesifieke gebiede, hellings en of lande.
2. Die sorg waarmee canola gevestig is om '**n egalige, eweredige stand** te verseker.
3. Die erns van **plaagbestuur om die jong saailing te beskerm** teen slakke en insekte.
4. **Gereelde inspeksie van aanplantings** veral in die saailingstadium, was nie onderhandelbaar nie.
5. Hierdie produsente verbou canola as 'n **kontantgewas in volle reg** en besef die belang van die regte praktyk op die regte tyd. Canola is duidelik nie meer 'n gewas wat net benut word **om onkruidprobleme op te los** nie.
6. Die erns van **tydsberekening van kopbemestings, siekte en plaagbespuitings** en regte stadium van platsny beteken dat canola soms voorkeur moet geniet teenoor die graangewasse.
7. "Hierdie aandag aan die beste praktyke is in my siening die verskil tussen 'n goeie oes of 'n top-oes."

Wat my ook geweldig beïndruk het, was die gewilligheid van die produsente om hulle kennis, ondervinding en inligting te deel. **Wynand Wessels van Napier**, die top nuwe toetreder in die Suid-Kaap, het erken dat die raad wat hy by vriende en mede-produsente ontvang het hom baie gehelp het. Hy het 2,95 ton/ha op 'n 80 ha land in sy eerste jaar van canola-verbouing geoes. Die top presteerders in die ander kategorieë was soos volg:

Oppervlak groter as 150 ha aangeplant

- | | | | |
|----|------------------------|-------------------------------|--------------------------|
| 1. | Jan Paul Kempen | Amerika Landgoed, Klipdale | 3,03 ton/ha vanaf 314 ha |
| 2. | Philip Morkel | Quarrie Boerdery, Klipdale | 2,72 ton/ha vanaf 248 ha |
| 3. | Johan Fourie | Broodkas Boerdery, Heidelberg | 2,69 ton/ha vanaf 402 ha |

Oppervlak van 50 tot 150 ha aangeplant

- | | | | |
|----|----------------------|---|--------------------------|
| 1. | Danie du Toit | Springerskuil Boerdery, Caledon | 2,72 ton/ha vanaf 72 ha |
| 2. | Chris Swart | Witklip Malanskraal Boerdery,
Bredasdorp | 2,63 ton/ha vanaf 148 ha |
| 3. | Jan de Kock | Kograh Boerdery BK, Caledon | 2,57 ton/ha vanaf 103 ha |

Geluk aan die manne vir hulle merkwaardige prestasies en voorspoed vir die komende seisoen.

Uit die argiewe van 2003:

Suid-Kaap

Canolafokus Maart 2003 No 18

Die organiseerders van die kompetisie se doelstellings vir die 2002 canola-kompetisie was om **eerstens 'n deelnemer met 'n opbrengs van meer as 2 ton/ha** te hê, oplossings te vind vir die probleme wat met onkruid ondervind word en laastens om canola te vestig as 'n volwaardige, onmisbare komponent van wisselboustelsels in die Suid-Kaap.

Daar is geslaag met die eerste doelwit, aangesien twee deelnemers opbrengste van meer as twee ton per hektaar gehad het. Geluk aan Heinrich Schönfeld van Haarwegsrivier en Jakkie de Kock (Crookes Brothers) te Fairfield wat opbrengste bo 2 ton/ha gehaal het. Die tonnemaat waarop produsente tans reken is 1.3 ton/ha.

Swartland

Canolafokus Junie 2003 No 19

Indien daar oor die afgelope 2 jaar na die kultivars se saadopbrengs gekyk word, blyk dit dat Varola 50, Varola 44 en Monty gemiddeld gepresteer het met ATR Hyden bo-gemiddeld. Dit moet egter ook in gedagte gehou word dat ATR Hyden slegs in die hoër potensiaalgebiede gesaai is.

KULTIVAR	2001		2002	
	OPBRENGS	RELATIEWE AFWYKINGS	OPBRENGS	RELATIEWE AFWYKINGS
Varola 50	1.52	13%	1.38	-7%
Varola 44	1.52	13%	1.15	-23%
Monty	1.30	-3%	1.40	-6%
ATR Hyden	1.48	10%	2.18	47%
Mengsel	0.91	-32%	0.00	-100%
Scoop	0.00	0%	1.46	-2%
Outback	0.00	0%	1.20	-19%
Varola 48 CL	0.00	0%	2.11	42%
Basis opbrengs	1.35	-	1.49	-

Hoogste opbrengs: **Paul Truter** Beste Bruto Marge: **Dirk Lesch**

Navrae: Direktoraat Plantwetenskappe, Wes-Kaapse Departement van Landbou, Privaatsak X1, Elsenburg, 7607, Tel 021-8085321.
piet.lombard@westerncape.gov.za

Redaksie: PJA Lombard, J Bruwer, C Cumming, Franco le Roux

Geborg deur die Proteïennavorsingstigting

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.



PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION